VERSKILLENDE RUIMTES

Jongmense spandeer hulle tyd in heelwat verskillende ruimtes, dit kan byvoorbeeld kroeë, gyms of koffiewinkels wees. Gaan besoek plekke waar jongmense in jou gemeenskap uithang, kyk hoe lyk die ruimtes en luister fyn hoe die jongmense daarin sosialiseer. Gebruik die volgende vrae om jou hiermee te help:

Wie is in die ruimte? (beskryf beroep, ouderdom, taal, ras, geslag, ens.)

Beskryf die mense in die ruimte se kleredrag. Wat sê dit oor wie hulle is en wat vir hulle belangrik is?

Watter belangegroepe of *tribes* is vir jou opmerklik?

Hoe kommunikeer hierdie mense? Is hulle alleen? Twee-twee, klein groepe of groot groepe? Lang of kort gesprekke?

Wat is die onderwerpe van hul gesprekke as jy dit kan hoor?

Watter rol speel tegnologie in hierdie mense se lewens?

Watter musiek speel in die ruimte?

Watter diversiteit en rasintegrasie merk jy op?

Beskryf die ruimte – die atmosfeer, die dekor, die meubels, die beligting ens. Hoe word dit vir jong volwassenes ingerig?

Watter rol speel die tipe kos wat aangebied word?

Gebaseer op die Kerk van die Toekoms navorsing onder gelowige jong volwassenes verder weg van die kerk: *Ontmoet die Toekoms*, 2023